

## Kaarte oor brande op TV 'eerste in sy soort'

PRETORIA. – Daar steek meer as brande agter die rooi kolletjies wat Suid-Afrikaanse televisiekykers weer Woensdagaand op 'n veldbrandkaart tydens die weerberig op SABC-kanale gesien het.

Die uitsending van dié aktiewe veldbrandkaart deur die SAUK is 'n eerste in die wêreld.

Woensdagaand was die tweede keer dat die openbare uitsaaiër 'n kaart gewys het van veldbrande soos dit op verskillende plekke gewoed het, het me. Biffy van Rooyen, woordvoerder van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), gesê.

Die kaart is deur die WNNR en Eskom ontwikkel as deel van die Gevorderde Vuurinligtingstelsel en wys brande wat die voorafgaande 12 uur deur satelliete opgespoor is.

Elkeen van die rooi kolletjies op die kaart verteenwoordig 'n veldbrand van tussen 200 m tot 1 000 m. Die brande word opgetel deur data van 'n sensor op twee Nasa-satelliete.

Volgens Van Rooyen kan die ligging van enige aktiewe veldbrand in Suider-Afrika amper intyds gegee word danksy dié nuwe satellietgebaseerde brand-inligtingstoerusting.

Die kombinasie van afstandwaarneming en selfoontegnologie sodat 'n SMS met inligting gestuur kan word, is ook 'n eerste in sy soort.

Die stelsel hou vir Eskom die voordeel in dat hy vinnig kan reageer op brande onder sy kraglyne. Skade en kragonderbrekings kan só voorkom word.

Die begin van die uitsendings het saamgeval met die begin van die brandseisoen (Mei tot Oktober in die noordelike dele van die land).

Afrika suid van die Sahara het die hoogste voorkoms van veldbrande ter wêreld. Hoewel veldbrande 'n natuurlike verskynsel is, word die meeste brande deur mense veroorsaak.

Volgens dr. Sibusiso Sibisi, president en uitvoerende hoof van die WNNR, is die veldbrandkaart 'n voorbeeld van 'n vennootskap tussen die private en openbare sektor en waar wetenskap en tegnologie tot voordeel van die publiek ingespan word.

Volgens hom sal die kaart hooplik help dat die publiek die omvang en gevaar van veldbrande beter verstaan. – (Nicolize Mulder)

